MAAK MY 'N
Miljoenêr
via.
JY WAS DEEL VAN DIE SUKSES EN HET SAAM MET
ONS 'N IMPAK GEMAAK

WAT IS DIE DOEL VAN MAAK MY ‘N MILJOENÊR?

Albert het altyd gewens dat daar ‘n entrepreneur na sy skool toe kon kom wat as ‘n mentor kon dien om hom te help met sy hoërskool besighede. Nadat hy toe sy eerste Miljoen gemaak het op 22 jaar oud, het hy dit sy lewens missie gemaak om jong hoërskool entrepreneurs te mentor en te help om ook miljoenêrs te word. Dus, is die doel van die Maak My ‘n Miljoenêr reeks tweeledig:

1. Bewusmaking van entrepreneurskap by skole
2. Bemagtiging van entrepreneurs deur mentorskap en ondersteuning

WAT HET GEBEUR MET MAAK MY ‘N MILJOENÊR 2024?

MAAK MY ‘N Miljoenêr

KYK ONS SHOW TRAILER HIER

Die Maak My ‘n Miljoenêr entrepreneur van die jaar kompetisie het ‘n indrukwekkende reis afgelê. Dit het die jaar begin deur **50 skole** te besoek om potensiële entrepreneurs te identifiseer. Ons het tydens hierdie besoeke met **55 000 leerders** gepraat. 120 Entrepreneurs het ingeskryf, waaruit die Top60 gekies is. Die Top60 leerders het spesiale opleiding ontvang vanaf Albert van Wyk om hulle belangrike entrepreneuriese vaardighede te leer. Daarna was hulle getoets met Brandbank-sessies om te bepaal hoe goed hulle besighede ken. Hieruit is ‘n Top30 gekies. Die Top30 is uitgedaag met regte wêreld probleme. Hier het hulle ook mentorskap gekry vanaf ervare besigheideienaars. Die leerders was verder uitgedun na ‘n Top20.

Die hoogtepunt van die kompetisie was die statige Gala-aand waar die Top20 leerders bekendgestel was. Hier het hulle die geleentheid gehad om inspirerende toesprake te lewer aan ‘n gehoor van 400 mense. Uiteindelik, na ‘n suksesvolle aand, is die wenners van die kompetisie aangekondig.

Die wenners is Jason Coulson (HS Die Anker) in eerste plek, Diederick Lötter (HS President Steyn) in tweede en Mincke Krige (MOS Wêreldwyd) in derde plek.

Die impak van die Maak My ‘n Miljoenêr projek onder Hoërskool leerders is duidelik sigbaar met die resultate wat ons sien met hierdie entrepreneurs. Ons sien uit na hoe hierdie toekomstige besigheidsmanne en -vroue ‘n positiewe impak gaan hê op die ekonomie van Suid-Afrika.

DANKIE DAT JY SAAM MET ONS JONG ENTREPRENEURS ONDERSTEUN!

‘N PAAR INTERESSANTE SYFERS:

Hier is wat ons Top20 jong hoërskool entrepreneurs bereik het in slegs 8 maande met die Maak My ‘n Miljoenêr span se mentorskap in 2024 se kompetisie. Wees deel van die sukses en maak saam Met ons ‘n impak

TOTALE OMSET

R2 933 367.53

TOTALE PROFYT

R1 170 438.03

TOTALE BESIGHEIDSGROEI

5 859%

HIER IS VERLEDE JAAR SE RESULTATE EN VIEWS.

Hierdie is die “reach” en “viewership” wat jou handelsmerk geniet het deur assosiasie met Maak My ‘N Miljoenêr in 2024.

TIKTOK	INSTAGRAM	FACEBOOK	RADIO	KOERANT	VIATV & CATCHUP	TOTAAL
2 211 178	393 063	559 686	1 587 326	932 000	649 778	6 333 031

ONS PROJEK GROEI

Ons het reeds ‘n groot positiewe impak gemaak in Suid-Afrika en ons hou aan groei en momentum bou. Dankie dat jy saam met ons jong Entrepreneurs ondersteun!

	2022	2023	2024	2025 Verwagting
Skole Besoek	20	40	60	85
Leerders Bereik	16 000	42 000	65 000	92 000
“Views”	800 000	2 296 153	6 333 031	8 000 000

Ons kan duidelik sien dan die projek aanhoudend groei. Dit is te danke aan die Maak My ‘n Miljoenêr span en betrokke borge/ondersteuners wat dit ‘n moontlikheid maak. Met elke ondersteuner wat inkoop in die missie en sukses van hierdie projek, bereik ons meer hoërskool entrepreneurs. So groei die impak en word meer jong entrepreneurs bemagtig en geskep. Ons glo vas dat dit die oplossing is vir Suid-Afrika se ekonomie om ook te verbeter, want hierdie jong entrepreneurs is tog die toekoms van ons land.

MAAK MY 'N
Miljoener
DATUM
0001
R 30 000.00
RAND
JASON COLESON
SKOOL
ALBERT VAN WYK
WENNER
EERSTE PRYS

MAAK MY 'N
Miljoener
DATUM
0001
R 30 000.00
RAND
JASON COLESON
SKOOL
ALBERT VAN WYK
WENNER
EERSTE PRYS

AWWWWW

WELKOM
MAAK MY 'N
Miljoener